



■ Gaan kyk elke dag na “'n Goue Oue uit Fred se pen” by www.dieburger.com.

Dié aanval maak die punt vir my

Vlugskrif

Amanda Gouws



Ek wou eintlik vandag hier oor Malusi Gigaba geskryf het, maar die aanval van Johan Wepener op my in *Die Burger* se briewekolom (12.11) kan nie onbeantwoord gelaat word nie.

Volgens Wepener het ek geen benul van die reg nie en moet ek my eerder by my lees hou.

Ek is 'n professor in politieke wetenskap en genderstudies en werk op 'n multidisiplinêre manier, wat beteken ek doen navorsing in meer as een veld.

Blykbaar het Wepener nog nooit van feministiese regstudies of feministiese jurisprudentie (regsfilosofie) gehoor nie. Ek het ook al deur 'n paar verkragtinghofsake gesit om te weet dat wat ek beskryf, gewoonlik die benadering van die verdediging is.

Daar is 'n groot liggaam van literatuur oor verkragtingsake wat uit 'n feministiese vertrekpunt benader word.

Wanneer ek redeneer dat die klaagster in 'n verkragtingsaak se storie nie geglo word nie, bedoel ek dat sy die aangeklaagde word en dan eers vasgestel moet word of sy lieg of nie.

Dit is die enigste soort hofsak waar die liggaam die oortreding verteen-

woordig en waar intieme vrae oor die aard van die oortreding op die liggaam gevra word.

Soos Carol Smart in haar boek *Feminism and the Power of Law* die punt maak: 'n Verkragtingsaak weerspieël die kulturele waardes oor vroueseksualiteit, en dit verteenwoordig 'n baie presiese diskwalifikasie van vroue se seksualiteit of hul eie siening van hul seksualiteit.

Verkragtinghofsake wemel gewoonlik van verkragtingsmites: Wat het die klaagster aangedra? Was sy dronk? Het sy dit geniet? Hoekom het sy nie om hulp geroep nie? Ensovoorts.

Die Jacob Zuma-verkragtingsaak was by uitstek 'n voorbeeld van hierdie verkragtingsmites. Ek raai Wepener aan om Redi Tlhabi se boek *Khwezi* te lees. Die speelveld is nooit gelyk vir verkragtingslagoffers nie.

As Wepener wil weet wat die leemtes is wanneer na getuënis oor die karakter van verkragtingslagoffers gekyk word, behoort hy Aviva Orenstein se *No Bad Men! A Feminist Analysis of Character Evidence in Rape Trials* (1998) te lees.

Sy kyk spesifiek hoekom dit nodig was om die sogenaamde “rape shield”-wetgewing in te stel.

Soos sy op bl. 664 skryf: “Vroue wat sê hulle is verkrag, word nie geglo nie; dié wat dit kalm aanmeld, tree nie soos

slagoffers op nie; dié wat lank vat om dit aan te meld, word nie geglo nie; dié wat dit dadelik aanmeld, word van kwaadwilligheid beskuldig.”

Blykbaar het Wepener ook nog nie van “rape shield” gehoor nie. Hy betwyfel my (en baie feministe) se interpretasie van art. 227 van die Strafproseswet.

Hierdie artikel maak daarvoor voorsiening dat irrelevante inligting, soos byvoorbeeld die slagoffer se seksuele geskiedenis, nie aan die hof voorgelê mag word nie, en dat sekere vrae nie gevra mag word nie.

Wepener kan gerus ook Jameelah Omar se artikel “South Africa's Rape Shield: Does Section 227 of the Criminal Procedure Act Affect an Accused's Fair Trial Rights?” (2016) lees.

Hy sal dalk iets leer. Dit is nie ek wat klaagsters 'n onguns bewys nie, dit is die reg self.

Deur my aan te val, het Wepener dit reggekry om sy eie onkunde ten toon te stel. En hy bevestig presies wat ek in my vorige artikel geredeneer het.

Ek is die aangeklaagde in die storie. Wepener dink hy kan met my praat net soos hy wil om te bewys dat ek niks weet nie, of dat ek lieg. Dit is presies die ervaring van verkragtingslagoffers.

Dankie, mnr. Wepener, dat jy die punt vir my gemaak het!

■ Gouws is professor in politieke wetenskap aan die Universiteit Stellenbosch.